


10 MEI 2020



# 3iG

'n saam-glo dissipelskap gesprek



## saam bid

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:

B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.

I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

D: Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

<sup>23</sup>"Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."

Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

## saam groei

Petrus dra ook groeie oor aan (Johannes) Markus (5:13), die een wat deur Barnaba sy oom, met Paulus versoen is na hulle uitval tydens die tweede sendingreis (Han 15:36-41; Kol. 4:12; 2 Tim. 4:11). Markus was 'n medewerker van Paulus en Petrus gewees. Daar is aanduidings dat Markus sy evangelie geskryf het aan die hand van die oorlewerings wat Petrus aan hom meegedeel het. Derhalwe is daar talle ooreenkomste tussen die tweede evangelie en die eerste brief van Petrus, soos byvoorbeeld die lyding van Jesus as die lydende Kneg van Jesaja (1 Pet. 1:18 en Mark. 10:45). Petrus wys sy lesers daarop dat hulle deel van God se koninkryk is (2:11) en dat hulle in hierdie wêreld vreemdelinge en bywoners is. Dit beteken gewoon dat hulle lewenswyse nie deur hulle omgewing beïnvloed of bepaal word nie, maar deur hulle verbondenheid aan God en sy koninkryk (2:9), wat noodwendig ook lyding en vervolging mag insluit. Lees nou 1 Petrus 2:2-10 'n paar keer aandagtig deur.

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).

## saam gesels

1. Bespreek onder mekaar die belangrikheid van geestelike groei. Vertel uit jou eie ervaring wat het in hierdie groeiproses vir jou die meeste beteken.
2. Soos 'n pasgebore babatjie eenmaal sy/haar moeder se melk gesmaak het en daarna altyd weer daarna sal smag, so moet gelowiges ook wees. Volgens hierdie gedeelte moet gelowiges met passiewolle vreugde fokus op die suiwer geestelike melk – letterlik: die "suiwer melk van die woord". Wys vir mekaar op die belangrike

rol wat die Bybel in ons geloofsgroei speel. Vertel vir mekaar hoe julle die Bybel lees en hoe julle die boodskap daarvan julle eie maak en verteer. Wys mekaar ook op die goedheid van die Here (vers 3) wat julle in die Woord al ervaar het

3. Toon vir mekaar in hierdie gedeelte die uiters belangrike plek aan wat die Here Jesus in enige geloofsgemeenskap moet vervul. Wat gebeur wanneer Jesus nie meer die spilpunt is waarrondom alles draai nie? Gee terselfdertyd 'n omskrywing van wat elke geloofsgemeenskap veronderstel is om te wees.
4. Beskryf in julle eie woorde watter uitwerking die klip waarvan hier gepraat word in twee verskillende rigtings het. Wat leer ons hieruit oor die appèl wat die evangelie van Jesus Christus op ons lewens maak?
5. Verduidelik vir mekaar die vyf uitdrukkings wat gebruik word vir die gelowiges in vers 9. Let op God se spesiale voorkeur vir sy mense en hoe Hy hulle wil gebruik. Maak dit ook op julle as Jesus-volgelingen van toepassing.
6. Gelowiges se plek en rol in hierdie wêreld begin en eindig by God. Watter troos bied hierdie waarheid vir julle?

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

## saam stap

Geloofsgewoonte: Om God te aanbid. Met hierdie geloofsgewoonte leer ons om blymoedig en vreugdevol ons in God te verlustig, ons saam met ander in God se teenwoordigheid te verbly en in verwondering oor sy Woord Hom in gebed en sang, maar ook in stilte te aanbid. Lees hieroor Ps. 16:7, 9 en 11; 139:14; 47:1Fil. 1:9-10 en Kol. 1:9.

Doen-dinge:

1. Waar beleef jy God se teenwoordigheid die meeste? In die natuur? Terwyl jy na christelike musiek luister? Tydens 'n erediens? Of in stilte? Soek die plek gereeld op. Deel met God in gebed wat jy daar beleef.
2. Noem al God se gawes aan jou op. Maak 'n lysie van sy voorsiening, leiding en liefde. Skryf 'n lied of gedig of maak 'n collage van jou belewenis van God.
3. Vier God se groot verlossingsdade in aanbidding regdeur die kerkjaar: advent, kersfees, epifanie, lydens tyd, paasfees, pinkstertyd en die tyd van die koninkryk.

Dink-dinge:

1. Wat gaan deur jou gemoed wanneer jy ander gelowiges sien wat God aanbid en dit soms op maniere wat heeltemal van jou manier van aanbidding verskil?
2. Dink aan iemand wat werklik die lewe en God heelhartig geniet en vier. Wat dink jy kan jy by sy/haar manier van aanbidding leer?
3. Hoe kan aanbidding van God 'n lewenswyse word?

## 3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

## 2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

## 1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.